

## Troebadoer vertel musikstorie

2011-10-08 09:55

Kobus Burger

Liedjieskrywer, sanger, sakeman, musikant, prokureur en selfs platebaas. Maar dit is die woord troebadoer wat hom die beste pas, sê Jannie du Toit.

Onder die reuse-palmboom op die stoep buite sy gastehuis in Melville beskryf hy homself tog ook as “n gewone boerseun” met ietsie van die sigeuner daarmee saam. Altyd op pad.

Dié het hy nou ook verwoord in ’n musikproduksie, boek en CD/DVD-stel waarmee hy sy “musikstorie” van die afgelope 40 jaar vertel. Onderweg het pas met ’n landwyse toer afgeskop wat teen middel Desember afgesluit sal word. Die voorlaaste konsert – op 13 Desember in Hartenbos – sal ook die viering van Du Toit se 60ste verjaardag wees.

Al beskryf sy vriend Coenie de Villiers hom in die voorwoord van die Onderweg-koffietafelboek as een van die grootste kopskuiwers in die Afrikaanse musikbedryf, bly Du Toit beskeie.

“My stem is, soos die Engelsman sou sê, adequat e . Ek het net so ’n besondere passie wat saamloop met my ander begaafdhede. My passie is verreweg groter as die ander gawes.”

Lees ’n mens deur Onderweg is dit soos ’n Who’s Who van Afrikaanse musik. Benewens Du Toit se musikale vriendskappe en samewerking met die pianis Christa Steyn die afgelope 25 jaar, vertel hy ook van tye saam met onder andere Koos du Plessis, Lucas Maree en hoe hy saam met Anna Neethling-Pohl aan verhoogproduksies gewerk het.

Die boek is ook soos ’n meesterklas in die geskiedenis van Afrikaanse musik en liedjies. Du Toit vertel in detail oor die ontstaan van die sogenaamde musik-en- lirikbeweging, die verskil tussen die luisterlied en kunslid, asook oor die invloed wat Nederlandse liedjies en musik op sy loopbaan gehad het. Hy erken dat hy ’n dekade lank omtrent nê na Nederlandse musik geluister het.

“Natuurlik het ek ook na die jongste in Afrikaanse musik geluister. Deesdae luister ek min musik. Ek sal baie eerder op ’n sportkanaal of nuus ingestel wees. En dit is nie omdat ek minder belang stel nie.” ’n Groot projek, soos Onderweg, vereis eintlik al sy aandag.

“Ek probeer dan skeppend werk en ek skakel eerder af (van ander musik of invloede).”



[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Nuus in Foto's](#)  
[Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)

Du Toit erken dat hy nooit roem, rekord-verkope of die reuse-inkomste wat ander sangers vir konserte kry, gesmaak het nie.

Al het hy later sy loopbaan as prokureur vaarwel toegeroep, mettertyd sy eie platemaatskappy, JNS Musiek, begin en Agterplaas B & B in Melville geopen, het sy passie hom deur die vier dekades gedra.

Iemand soos die sanger-liedjieskrywer Riku Lähti, wat onlangs aangekondig het hy “bedank” uit die Afrikaanse musiekbedryf omdat dit nie vir hom finansieel haalbaar is nie, is een van tientalle gedugte Afrikaanse musiekmakers wat deur die jare Du Toit en Steyn se ATKV-liedjieskryfslypskole bygewoon het.

“Ek het nooit ’n bedankingsbrief geskryf nie, hoewel ek dit al oorweeg het. Ek het ook maar beswaar gemaak.”

En dis ook hoekom hy homself as ’n randfiguur sal beskryf.

“Ek is wel spyt dat ek nie die nodige agtergrond gehad het om my loopbaan wyser aan te pak nie. Ek en Laurika (Rauch) is dieselfde ouderdom, en Laurika het drama geswot en die dramadepartement as leerskool gehad. Ek vermoed hulle is geleer ‘onthou, dis great om ’n kunstenaar te wees, maar jy moet ook kyk na die sake-aspekte’.

“Ek moes maar net swem. Maar ek is darem nie spyt dat ek geswem het nie.”

Musiek en taal is die twee pilare waarop sy lewe rus en wat dit vir hom sinvol maak. “Die huwelik tussen taal en musiek is van die grootste belangstellings in my lewe. Die studie van toon en taal is ’n wetenskap. Dit bied waarhede wat ons maar kan toepas.”

Onderweg, die multimedia-musiekproduksie, is die grootste projek wat Du Toit tot nog toe aangepak het. PG du Plessis het die teks en sketse geskryf, terwyl Emma Bekker die regisseur is.

Weens Christa Steyn se kankerbehandeling sal sy nie meer saam met Du Toit kan optree nie en Clinton Zerf is nou die musiekregisseur.

Hy sluk swaar as hy vertel hoe Steyn met moeite hul eerste Onderweg-konsert as gehoorlid bygewoon het.

“Op lang termyn kan ek nie sonder Christa voortgaan nie. Ons is geesgenote en kom al so ’n lang pad saam in die musiek, én as vriende. Dit sal vir my skrikwekkend wees as ek moet dink ons kan nie voortgaan nie.”

Met Onderweg – die boek, CD, DVD en konserte – sit Du Toit net vir ’n wyle sy tasse neer om sy gedeeltelike musiekstorie te vertel. Daar is veel meer wat voorlê. En dalk ook wat nié gesê is nie.

“Ek sou kon gal braak oor verskillende goed en mense... mense wat dit vir my én vir Christa baie moeilik gemaak het in die bedryf. En ek sou seker heelwat meer publisiteit gekry het. Tog sou dit nie gevoel het soos ek nie.”

Tussendeur die grysheid en wysheid van iemand wat al meer as vier dekades die musiekpad stap, is daar steeds die beeld van Jannie du Toit as seuntjie wat op mnr. Gani se fietswinkelstoep sy bene vrolik op die maat van kwêlaklanke skop. Sonder ophou...

WAT/WAAR?

\* Onderweg word tot 14 Desember landwyd opgevoer en kaartjies kan deur Computicket bespreek word of by die onderskeie teaters.

\* Die gelyknamige dubbel-CD en DVD, asook koffietafelboek (uitgegee deur SUN MeDIA) sal ook by die konserte verkoop word.

\* Vir meer inligting besoek [www.facebook.com/onderweg40](http://www.facebook.com/onderweg40), skakel 012 329 0709 of 072 460 5568 of stuur e-pos aan [info@pierneefteater.co.za](mailto:info@pierneefteater.co.za).